Hoëveldse Penkop- en Drawwertjie Kamp

Geagte Kommandoleier 2021- 03-08

Hoëveld Penkop- en Drawwertjiekamp vier hierdie jaar **ons 40ste jaar Feeskamp** gedurende die April vakansie. Hiermee nooi ons graag u kommando uit om ons kamp van Die Voortrekkers Transvaal, by te woon. Hoëveld P/D kamp wil elke lid waarsku: Pak solank jou tas, daar wag groot opwinding!!!!

Kamptema:

Hoëveld: PD Hoëveld Glo en Dien God Drie-Enig

Datum: Woensdag 28 April 2021 om 08h00 tot Sondag 2 Mei 2021 om 12:00

Plek: Voortrekkerterrein Hartbeesfontein asook naburige plaas sowat 50 km Noord vanaf Pretoria

Teikengroep: Voortrekkers vanaf Graad 1 tot 7 (Gr 1 & 2 moet deur ouers vergesel wees)
As gevolg van Covid-19 beperking kan slegs 250 kampeerders op Hartbeesfontein kamp. Ons het 'n naburige plaas genader en gaan dan daar ook met 250 kampeerders kamp. Verskillende kursus groepe gaan dus op die naburige plaas kamp met eie kombuis, noodhulp en toilet geriewe. Die twee kampterreine funksioneer apart en geen kampeerders mag beweeg tussen hoof kampterrein en plaas kampterrein sonder kampleier toestemming nie.

Vereistes: Elke groep van 8 Voortrekkers (insluitende kleuters) moet vergesel word van minstens 1 volwassene wat diens doen.

Kampgelde:

Kursusgangers (Penkoppe en Drawwertjies, Gr 1-7)	R750.00
(Gr 1 & 2 moet deur ouers vergesel wees)	
Kombuisspan (eerste 12 word aanvaar)	R 0.00 (gratis)
(Geen persone in kombuis met kinders kleiner as gr 3 nie)	
Volwassenes (alle volwassenes doen diens)	R650.00
Verkenners / Kleuters 3 jaar en ouer	R650.00

(Verkenners wat bereid is om spesiale diens te doen, by kleuters of spesiale opdragte mag inskryf. Geen diens by kursusse/kombuis is toelaatbaar nie)

SNOEPIE: Geen snoepie op kamp - gelde sluit snoepie en eetgoed in vir elke dag.

Covid-19 Masker: Elke persoon word ook met 'n Hoëveld masker uitgereik tydens registrasie. Indien ouers addisioneel wil by koop (Koste R25/masker), voltooi op die inskrywingsvorm.

Sluitingsdatum: 2 April 2021

Direkte ledebetalings sal nie aanvaar word nie, slegs kommando EFT betalings, geen geld word terugbetaal sonder toestemming van die kampleier nie.
Geen inskrywings sonder betaling word aanvaar nie.
Rekening naam: Hoëveld Penkop en Drawwertjiekamp
Bank : ABSA Centurion Rekening nommer: 2890390172
Takkode : 630445 Tipe rekening : Tjekrekening
Epos asseblief die depositostrokie na Kampsekretaresse. Die kommandonaam moet as verwysing ingeskryf word. - Geen persoon sal toegelaat word sonder betalingsbewys nie.

Kursusse: Slegs 1 Spesialisasie per kind op kamp.

	Spesialisasies	Terrein	Spesialisasies	Terrein	Spesialisasies	Terrein
Gr 1	Spele	HBF	(Slegs kinders van volwassenes wat kamp)			
Gr 2	Veldkook	HBF	(Slegs kinders van volwassenes wat kamp)			
Gr 3	Handwerk	HBF	Spoorkennis	Plaas		

	Spesialisasies	**Terrein**	**Spesialisasies**	**Terrein**	**Spesialisasies**	**Terrein**
Gr 4	Vasbyt (Fiksheid) Skibroeke is 'n vereiste. Offisiere moet kinders evalueer - nie alle kinders is in staat om die Spesialisasie te voltooi nie.	HBF	Plantekennis	Plaas	Noodhulp	HBF
Gr 5	Weerkennis	Plaas	Touwerk	HBF		
Gr 6	Spoorsny	Plaas	Kommunikasie	HBF / Plaas	Sterrekunde	Plaas
Gr 7	Medemens	HBF	Veldbewustheid	Plaas		

Let Wel: Die minimum aantal kinders per kursusgroep is agt. Die kampraad behou die reg om jeuglede by ander kursusse in te deel indien daar te veel of te min kinders is. Die indeling is finaal. Die volle Covid-19 regulasies en vereistes sal toegepas word op beide die kampterreine.

Vervoer: Kampeerders is verantwoordelik vir eie vervoer.

Huisvesting: Eie waterdigte tente, seuns en dogters apart. Offisiere is self verantwoordelik vir die opslaan. Let asb op dat kursusgroepe op verskillende terreine gaan slaap en dus kan die tente nie noodwendig gedeel word met ander kususgangers of grade nie. Sien gemerkte tabel bo. Offisiere: Eie huisvesting (nie in kinder tentedorp nie) of in kamers ingedeel. Slegs tente verblyf op kampterrein op die naburige plaas.

Inskrywings: Verkorte kampbrief vir ouers
Vorm "A" vir Penkoppe en Drawwertjies
Vorm "B" Volwassenes / Verkenners / Kleuters
Vorm "C" Opsomming vir Penkoppe en Drawwertjies
Vorm "D" Opsomming vir Volwassenes / Verkenners / Kleuters

Ons versoek Kommando's en ouers om ons in kennis te stel indien 'n kind enige trauma die afgelope 6 maande ervaar het. Heg brief aan inskrywingsvorm.

T-Hemde: Feesjaar T-hemde (Oranje) is ingesluit by kampgelde vir alle kinders en Volwassenes. Volwassenes kan ook Maroen en wit geborduurde Golf-hemde addisioneel bestel teen R300,00 Laat inskrywings se T-hemde kan nie gewaarborg word om betyds vir die kamp te wees nie.

Ouerbesoek: Slegs in buitengewone omstandighede.

Kampbywoning: Indien 'n kind laat kom of die kamp vroeg verlaat sal hy/sy nie in aanmerking kom vir die Spesialisasie / GGA nie.

Volwassenes: **Alle ingeskrewe volwassenes moet 'n plaasvervanger stuur as die kamp nie meer bygewoon kan word nie, of vir gedeeltes van die tydperk wat die betrokke persoon nie beskikbaar is nie.**

Kampbenodigdhede: 'n Lys van alle benodigdhede, sowel as kursusbenodigdhede sal die kursus bevestingsbrief vergesel. Die lys sal ook op die web beskikbaar wees.

Kampleier: Philip de Kock
Wicklowlaan 117
Bronberrik
0157
Sel: 082 657 3300
E-pos: pwdk@absamail.co.za

Aansoeke aan: Kampsekretaresse
Lelanie van Wyk
Elspark Laerskool
1428
Sel: 084 986 4236
E-pos: coecks@gmail.com